Helderstem

www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Ons is . . . dissipels van die Here Jesus

Ons is, ons is, weet julle wie! So sing ons uit volle bors langs die sportveld.

Ek het so behoefte om waar ek ook al kom, te sing: Ek is, ek is, weet julle wie! Ek's 'n dissipel van die Here Jesus. Dit is presies wie ons is. Dit is eintlik totaal onlogies om Jesus as Here te bely en dan nie 'n dissipel/volgeling van Jesus te wees nie. Jesus verwoord dit so mooi: "Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly. As julle My opdragte uitvoer, sal julle in My liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in Sy liefde bly (Joh 15:9-10).

The Message vertaling lui: "Make yourselves at home in my love. If you keep my commands, you'll remain intimately at home in my love. That's what I've done—kept my Father's commands and made myself at home in his love".

Ons is, ons is, weet julle wie! Ons is Jesus se dissipels!
Wees deel van die Pinksterreeks met die onderwerp: "Ek is Jesus se dissipel, want . . .

Sondag 2 Junie *Pinkster*

Ek is Jesus se dissipel want...

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:30 Klassiek	Jan van der Watt
10:00 Meditatief	Breda Ludik
10:00 Informeel (doop)	Jan van der Watt
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Jan van der Watt

Deurkollekte: KidsXpress

Sondag 9 Junie

Pinksterfees

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:30 Klassiek	Paul Barnard
10:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
10:00 Informeel	Hannes Theron
10:00 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop GG	Danie Möller
10:00 HB Village	Paul Barnard
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Bid saam met ons vir die volgende mense:

Sarel du Toit - kanker, beenmurgoorplanting behandelings
Faan van der Westhuizen - ernstige rugoperasies en beenkanker
Paul van Staden - dementia
Ilze Havenga - wag op nier-vervanging
Emmie van Tonder - chemo-behandeling vir kanker
Adri de Vries - kanker
Lizette van der Walt - kanker
Hanri Botha se ma - ernstig siek
Rina Smit - ICU

Rou:
Ons dink aan Deon van Zyl en sy familie met sy ma wat oorlede is.

Moet ons vir jou bid? Laat weet ons asseblief by die kerkkantoor: 021-851 5582 of ontvangs@nghelder.co.za

Die volgende ouers doop op 2 Junie:

Informele diens
Sarel en Linda Haasbroek met Ansophie

WiFi
Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - a&8QS@xS

Baie dankie vir die omgee-groep wat ons vandag help met gasvryheid.

Pinksterprogram

Ek is Jesus se dissipel want….

Sondagoggend 2 Junie:
Hy maak my lewe die moeite werd
1 Kor 15:12-20

Sondagaand 2 Junie:
Ek is soos Hy
Joh 14

Maandag 3 Junie:
Sy Gees lei my
Gal 4:16-26

Dinsdag 4 Junie:
Hy leer my hoe om weer te begin
Matt 18:21-35

Woensdag 5 Junie:
Hy is net 'n gebed ver
1 Joh 5:14-15

Donderdag 6 Junie:
Ek sien vir die lewe kans
Fil 4:13

Onthou daar is elke aand vanaf 18:00 en na die diens kos te koop. Niemand gaan honger huis toe nie.

Die dienste is elke aand om 19:00 en sal die volgende oggend om 10:00 deur Jan in die Kapel herhaal word.

Dagboek:

Dinsdag 4 Junie
06:00 Kom bid saam
17:45 Kantory oefen

Woensdag 5 Junie
Doopregistrasie sluit vir Julie dope

Maandag 10 Junie
Helderberg Uitreik Jaarvergadering

Vrydag 12 Julie
Bordspeletjiesaand vir alle ouderdomme @ 19:00 in die Tent

Baie welkom aan die nuwe intrekkers:

Suzanne Ferreira met haar seun Hendré - Riversdal-Wes
Pieter en Louise Hancke - Jeffreysbaai
Antonella Pienaar - Empangeni
Edré De Witt - Lutzville

Wil jy nog doop?
Onthou 5 Junie is die sluitingsdatum vir Julie dope. Registreer nou by Grazie deur die kerkkantoor te bel of epos ontvangs@nghelder.co.za

Kiddie Pinkster

(gr 1 – 6)

Talente en Geestelike geskenke van die Heilige Gees van KidsXpress.
Elke aand tydens Pinkster om 18:45

Kleuterpinkster

(3-6 jariges)

'n Vrugtefees saam met die Heilige Gees.
Elke aand tydens Pinkster om 18:45

Vakansiedienste

Skoolvakansie 14 Junie tot 8 Julie

Ons is baie opgewonde oor die vakansiedienste wat binnekort begin. Omdat so baie van ons mense weg is met vakansie, het ons dit goed gedink om die klassieke en informele diens te kombineer. Hierdie dienste sal tydens die wintervakansie om 09:00 in die oggende plaasvind en sal ‘n kombinasie van styl wees tussen die klassieke en informele diens.

Tydens die vakansie sal daar slegs om 08:00 ‘n meditatiewe diens wees. Die dienste by Helderberg Village om 10:00 en aanddienste in die Kapel om 19:00 gaan voort soos gewoonlik.

Kom geniet dit saam met ons. En vir die klomp van julle wat gaan vakansie hou, **geniet dit**.

Nuwe omgeegroep

Seniors: Ons begin ‘n nuwe omgeegroep vir seniors (65-80jr) wat woon in Somerset-Wes (verkieslik Woensdae oggende). Kontak John Walton as jy belangstel by 072 673 6320.



Helderberg Seniorklub

8:30 vir 9:30 op Dinsdag **4 Junie** in die Tent.

Wanneer laas het jy na trekklavier-musiek geluister? Arend le Grange en Mercia Theron besoek ons Klub en gaan vrolike musiek uit die ou dae speel. Kom geniet die oggend saam met ons.
Besoekers betaal R20 en dit sluit tee en eetgoed in.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe by 021-855 1528 of 082 844 0735

Familiebediening

Familiebediening benodig:

Vir Pinkster:
Goue sterretjies, baie word benodig
Rooi, wit en groen lekkers (bv. Sparkles)
Nartjies

Vir Holiday Club:
Ontbytpap
Beskuit
Koekies
Langlewe melk
Suiker, koffie en tee

7 Days on the Wall - Gebed verander sake

Jesus het gesê: "... wie God se koninkryk nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal beslis nie daar ingaan nie." Vir afgelope 5 jaar beleef ons die betekenis van Jesus se woorde gedurende die gebedsweek waaraan ons skole van die Helderbergkom ook deelneem.

Laerskool De Hoop se gebedsgroep het die voorreg gehad om ‘n gebedskamer vir die gebedsweek, 20 – 24 Mei, in te rig. Daar was verskillende gebedstasies waar kinders bid en gebedsaktiwiteite waaraan hulle kon deelneem. Kinders het voor skool, pouses en ook ná skool die gebedskamer besoek waar hulle gebid het vir ons skole, families, gemeenskap en ons land.

Die gedbedsversoeke het ingestroom en oor die volgende paar weke bid die gebedsgroep saam deur die versoeke. Die krag van gebed word beleef en soms kan ons sien hoe gebed sake verander, maar wat verseker is, is dat baie harte hierdeur geraak en verander word.

Helderberg Uitreik NPO 032-078

Inkomstestaat vir die Jaar geeindig 28 Februarie 2019

Inkomste	2019	2018
Geloofoffers	R2 228 111	R2 558 928
Fondsinsamelings	R939 295	R409 745
Eksterne Bydraes	R3 919 746	R2 838 434
Totale inkomste	R7 087 152	R5 807 107
Totale uitgawes	-R6 981 976	-R5 766 162

Totale bedrag vir Art 18 A sertifikate uitgereik: R1 918 656

Baie dankie vir jou wonderlike ondersteuning waarmee ons 81 463 mense kon bereik met die Evangelie, dissipelmaking, ontwikkeling en onderwys, armoedeverligting, mediese sorg, pastoraat, berading, maatskaplike dienste, media, Bybelverspreiding en bewusmaking. Vrywilligers betrokke: 861

Winand Grundling

Gaskunstenaar by Helderberg Uitreik se Jaarvergadering

Winand Grundling completed his schooling at Brandwag High School in Uitenhage and obtained a BMus degree from the Nelson Mandela Metropolitan University in Port Elizabeth.

In 2006, Winand was chosen as one of seventeen organists worldwide to attend the Canadian International Organ Summer School in Calgary, where he also took his master classes. He passed his ATCL Trinity Recital (Licentiate) examinations, as well as his Unisa Performance Licentiate with distinction.

In 2012, Winand received the degree BMus Hons (cum laude) from Stellenbosch University with the guidance of Mario Nell. In 2012, Winand attended master classes presented by Professor Yin Kim (University of Seoul), as well as Professors Ton Koopman, Jean-Claude Zhender, Louis Bolliviard and Peter Planyavski at the International Haarlem Organ Summer School in the Netherlands, and Professor David Higgs at the Eastman School of Music in Rochester, USA.

In July of 2014 and 2015, he attended the International Bach Academy in Amsterdam (Waalse Church) hosted by Jaques van Oortmerssen. On national level, Winand has won the following competitions and prizes: Overall winner of the ABSA National Youth Music Competition (2004), Organ category winner at the ATKV Muziq Competition (2007/2009), the Charles Bryars Bursary (2007/2008), the SAMRO Merit Award (2009), the Mabel Quick Music Bursary (2009/2010), as well as overall winner of the Unisa Overseas Music Bursary Competition (2009), the ATKV Muziq Competition (2010), and the SAKOV Overseas Music Bursary Competition (2013).

At the 2012 Klein-Karoo National Arts Festival (KKNK), Winand received two Kanna Awards for his production, 14 Stasies van die Kruis – for Best Classical Music Production and Best Upcoming Artist. Winand is the organist of the Dutch Reformed Church Stellenbosch-Welgelegen and is an accompanist for various choirs and South African artists. His debut CD, Toccata! was launched in 2009.

In 2012, he released his second album, 14 Stations of the Cross, at the KKNK, followed by 'The 7 Days of Creation' in 2014. In 2015 Winand received the Kanna Award for Best Classical Production for his production Bach-Vandag'.

Winand is a teacher at Parel Vallei High School

KidsXpress word 15 en dit laat ons sing!



Ons vier hierdie jaar KidsXpress se 15de bestaansjaar. Om hierdie mylpaal te herdenk het ons besluit om ’n CD vry te stel met ‘n versameling kinderliedjies wat oor die jare oorspronklik geskryf en opgeneem is as temaliedjies vir KidsXpress-publikasies.

KidsXpress is nie ‘n *one man show* nie. Terwyl ons met die saamstel van die CD besig was, het ons net weer opnuut bewus geraak van hoeveel mense deur die jare by KidsXpress betrokke was deur hul gawes in diens van die Here uit te leef. Ons kom onder die indruk van hoe belangrik die liggaam van Christus is, elkeen met sy of haar unieke gawes.

Annalise Wiid het vier van die liedjies op die CD geskryf en die CD is ook ter nagedagtenis aan haar opgedra. André en Elmarie Buÿs was deur die jare steunpilare met Elmarie wat die kinderstemme vir die meeste van die liedjies afgerig het. André begin sommer al stem opwarm wanneer hy sien dat hy ’n oproep van KidsXpress af kry en hul jongste seun, Stephano, vandag ‘n jongman van 21 jaar, het sedert hy ‘n klein tjokkertjie was al agter die mikrofoon ingeskuif vir KidsXpress opnames.

Deur die jare was daar talle ander Helderberglidmate en gemeentekinders o.a. die Van Geest kinders, wat vir KidsXpress gesing het. Lizl Botha het al die *back tracks* vir die liedjies op die klawerbord gespeel. Paul Bailey, lidmaat by Somerset-Wes Baptiste kerk, het as klankingenieur sy tyd en kundigheid gegee. KidsXpress se mees onlangse publikasie, *Ahooi!*, se temalied is deur Antoinette Erasmus van die Kinderevangelisasie-projek geskryf en natuurlik gesing deur niemand anders nie as André Buÿs, met Antoinette se kinders wat saamgesing het. Die lied verskyn ook op die CD.

Die CD getiteld, *Roep Jesus aan*, is ’n heerlike versameling saamsing-liedjies wat ouers en kinders sal geniet. Die CD is beskikbaar teen R80 by die KidsXpress uitstalling na die diens en sal ook by die kerkkantoor beskikbaar wees. Vier asseblief ons verjaarsdag saam met ons deur die CD aan te koop. Dit is ook die ideale geskenk vir kinders of kleinkinders. Inkomste uit die verkope sal ons ook in staat stel om aan nuwe publikasies te werk.

Helderberg UITREIK

Die feit dat mense na 15 jaar steeds KidsXpress se materiaal in gemeentes, bedieninge en skole regoor Suid-Afrika gebruik laat ons in verwondering dat die Here ons toelaat om op hierdie wyse in sy diens te kan staan.

Projekleier: Burgert le Roux
Kontakbesonderhede: burgertleroux@gmail.com of 082 495 2228

Kom jy saam?

Korttermyn-uitreik na vlugtelinge in Athene
3-18 Oktober 2019

Met ongelooflike passie en onbaatsugtige liefde bied die Omonia-bediening in Athene al die afgelope vier jaar hulp en ondersteuning aan vlugtelinge uit hoofsaaklik Sirië, Irak en Afghanistan. Met hul holistiese benadering sien die baanbrekersegpaar Alexander en Eleni Melirrytou om na vlugtelinge se fisieke én geestelike welstand. Hulle word bygestaan deur ’n span langtermyn-vrywilligers wat op eie onkoste in Athene woon en by Omonia diens doen.

Helderberg Uitreik se Omonia-projek ondersteun hierdie bediening sedert 2017 op verskeie maniere en het al twee korttermyn-uitreikspanne na Athene gestuur. ’n Derde korttermyn-uitreik word vir **3-18 Oktober 2019** beplan.

“I hope last year’s team remember what great difference they made and how much their presence encouraged us and helped us continue. I hope and pray that God will open new hearts to receive blessings and to support God’s ministry at OMONIA,” skryf Eleni dié week.

Die Omonia-span sal ’n behoefte hê aan mense wat bereid sal wees om met die Engelse klasse en die kinderbediening te help. Die span se doel is egter altyd om gapings te vul en te dien soos op die gegewe tydstip nodig is.

Indien jy belangstel of meer inligting oor die uitreik of die bediening wil hê, stuur asseblief ’n e-pos aan projekleier Pia Nänny by pia.nanny@gmail.com

Helderberg UITREIK

Nuwe projek van Helderberg Uitreik

Musica Dei

Walter Savage Landor het gemeen: *Music is God's gift to man, the only art of Heaven given to earth, the only art of earth we take to Heaven.*

Elkeen van ons is ‘n musiekinstrument in die hand van die Groot Meester wat ‘n eie unieke klank produseer en sy/haar spesiale ritme het. In die Bybel word daar musiek gemaak as die kinders van die Here fees vier, maar ook as hulle treur. Ons glo dat God daarvan hou as ons Hom loof en prys met musiek en instrumente en ons die gawe van musiek gegee het om ons lewens voller en mooier te maak.

Dit is *Musica Dei* se doel om hierdie Godgegewe kuns in mense te ontwikkel en gratis met ander te deel. Deur verskillende inisiatiewe soos ‘n gemeenskapskoor en –orkes, word die evangelie deur klassieke musiek en sang só uitgedra. Musici word terselfdertyd aangemoedig om hulle musiektalent vir hierdie doel in te span en verder te ontwikkel. ‘n Wye verskeidenheid konsertgangers word ook op so ‘n unieke manier met die Blye Boodskap bedien en op ‘n spesiale wyse deur die musiek aangeraak.

Ons gemeenskapskoor, **Helderberg Cantare**, is ‘n goeie voorbeeld hiervan. Dit is ‘n ekumeniese koor wat lede van verskeie inkomstegroepe en agtergronde insluit. Die gemeenskaplike faktor wat almal saamsnoer is hulle liefde vir koorsang en die Here. Die vreugde om daardie talent met ander te deel (wat dikwels nie fisies in staat is, of oor die finansies beskik om ‘n uitvoering by te woon nie) is ‘n groot seën.

Met die **Klassieke Klanke Konsertreeks** sien ons ook dat daar elke jaar meer mense wil deel uitmaak van die konsert en ons gehore raak al hoe groter. Deelnemers besef ook dat die Here daar mense aanraak as hulle na die tyd met trane in hulle oë wil verwoord wat die musiek vir hulle beteken het en net stomgeslaan daar kan staan.

Daar is verskillende maniere waarop mense by die projek kan inskakel:
Administratiewe reëlings, kreatiewe insette (dekor, PowerPoints), bemarking, verwelkoming, verversings, skenking van musiekinstrumente en staanders en finansiële bydraes

Kontak gerus vir projekleier: Yolanda Botha by HelderbergConcerts@gmail.com vir verdere inligting.

Jy moet Hom prys, want Hy is jou God en Hy het al hierdie magtige wonderdade wat jy met jou eie oë gesien het, vir jou gedoen. –Deut. 10:21

Laat ons saam die Here prys!

'n Vrugtefees
saam met die
Heilige Gees
vir kleuters
Datum 2 Junie - 9 Junie
Tyd 18:45 - 20:00
Waar Kleuterkerk Lokaal
Wie Kleuters 3-6 jaar
KidXpress

Jy word genooi na
Ons hou ons eie talent-program!
TALENTE
& Geestelike geskenke
Datum 2 Junie - 9 Junie
Tyd 18:45 - 20:00
Waar Jeugsentrum,Helderberg
Wie Gr. 1- 6 : Inskrywingsfooi R50
KidXpress

Helderberg Gemeente

Bankbesonderhede

Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A

ABSA Helderberg-tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021-851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 16:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za
Annette - 021-850 6923

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun. Dankie vir getroue bydraes. Lees meer op www.nghelder.co.za onder Bedieninge, Onderlinge Sorg, Versorgingsfonds

Versorgingsfonds

Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*